# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **1130/3**

PAPER 3 Listening Comprehension — Approx. 45 minutes

Marks 20 — **2019**

**TEACHER'S TEXT**

This document consists of **8** printed pages.

Republic of Namibia

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA



[Turn over

**ONDERWYSERSTEKS**

Aan die onderwyser:

Alle tekste moet teen ŉ normale tempo deur die onderwyser voorgelees word.  Alle instruksies moet stiptelik deur die onderwyser uitgevoer word.  Daar moet by die lengtes van pouses gehou word.  Die onderwyser sal begin lees nadat die vraestelle uitgedeel is.

Onderwyser (O):  Goed, noudat almal vraestelle ontvang het, is daar enige vrae?

*Pouse:  5 sekondes*

O:  Nou goed. Kom ons begin.  Skryf jou eksamennommer en kandidaatnaam op die voorblad van die vraestel neer.  Moenie met enige iemand praat tydens die eksamen nie.  Kyk nou na die vrae by Afdeling 1, Oefening 1, Vrae 1 – 5.

*Pouse:  20 sekondes*

## AFDELING 1

**Oefening 1: Vrae 1 - 5**

Vir vrae **1 - 5** sal jy 'n aantal stellings hoor. Beantwoord die vrae op die reëls wat daarvoor voorsien word. Elke stelling sal **twee** keer gelees word.

**Vraag 1**

Luister na die advertensie oor 'n musiekkonsert.

Hoeveel sal jy betaal vir 'n kaartjie vir jou ma om die konsert by te woon?

*African Vocals hou môre-aand 'n fondsinsamelingskonsert vir hul toer Duitsland toe in Mei volgende jaar. Die konsert vind om 19:00 by die nasionale teater in Windhoek plaas. Ander groepe soos die Swakopmunder Mannekoor en Elemotho, een van Namibië se gewilde kunstenaars gaan daar optree. Kaartjies vir studente en leerlinge kos N$ 50, terwyl volwassenes N$ 85 sal moet opdok. Dit beloof om 'n genotvolle aandjie van kwaliteit musiek te wees. **

Pouse: 10 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse: 5 sekondes

**Vraag 2**

Luister na die volgende brokkie inligting.

Watter dier se voortbestaan is vir Prins Harry baie belangrik?

*Prins Harry van Brittanje was al drie keer in Namibië. Hy het in 2006 hier vakansie kom hou en het in 2008 as deel van die Britse weermag hierheen gekom. Hy was ook in 2015 hier om renosterstropery te help bekamp. Wanneer hy Namibië die vierde keer besoek, sal dit wees om wittebrood te kom hou. **

Pouse: 10 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse: 5 sekondes

**Vraag 3**

Luister na die handelsnuus.

Wie hou blykbaar die meeste van diamante?

*In 2017 is 82 miljard Amerikaanse doller se diamante in die wêreld gekoop. Amerikaners het die meeste geld aan diamant juweliersware bestee, daarná die Chinese. In Indië, Japan en die Midde-Ooste, het verkope effens gedaal. Dit lyk of mense ná honderde jare steeds nie genoeg van dié mooi, blink klippie kan kry nie. **

Pouse: 10 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse: 5 sekondes

**Vraag 4**

Die weervoorspelling kom oor die radio.

Watter ooreenkoms is daar in die voorspelling vir die binneland en die kus?

*Die binneland van Namibië, mooiweer en warm tot baie warm. Winderige toestande sal voortduur. Die kus, die wind matig tot sterk met miswolke aanvanklik. Die getye by Walvisbaai, hoogwater om 06:01 en laagwater om 11:48. **

Pouse: 10 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse: 5 sekondes

**Vraag 5**

Jou sportafrigter gee die volgende wenk.

Waarom sal iemand nadat hy geoefen het, heuning inneem?

*Heuning is ’n goeie plaasvervanger vir koolhidrate. Dit gee jou ekstra energie voor jy begin oefen. As jy ’n klein hoeveelheid daarvan by jou drinkwater gooi, sal dit ook jou spiere gesond hou. As jou bloedsuiker ná jou oefensessie effens laag is, sal heuning ook dié probleem oplos. **

Pouse: 10 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse: 5 sekondes

O: Dit is die einde van Afdeling 1, Oefening 1. Lees nou die vrae by Oefening 2, Vrae 6 - 10

Pouse: 20 sekondes

**Oefening 2: Vrae 6 - 10**

Luister na die artikel en beantwoord Vrae **6 tot 10** deur slegs 'n regmerkie (✓) in die Waar of Onwaar blokkie te maak. Jy sal die voorlesing **twee** keer hoor.

*Namibië is 'n bekende vakansie bestemming vir baie oorsese toeriste. Een van die gewildste plekke vir besoekers is die bekende rotstekening, Die Witvrou, wat naby die Brandberg is. Ongelukkig sal dié roete vir 'n onbepaale tyd gesluit moet word, want drie volwasse leeus het die terrein van die beroemde Witvrou van Brandberg beset. Dit het daartoe gelei dat die klimroete na die rotstekening onbepaald deur die Erfenisraad gesluit is.

Dié unieke rotstekening is 'n eeu gelede ontdek. Wetenskaplikes en vriende het juis 'n paar weke gelede saamgekom om dié ontdekking se honderdste verjaardag te vier. Die roete is tydelik gesluit nadat 'n donkie deur die leeus gevang is. Natuurbewaarders het eers gedink dat dit die werk van drie jong leeus was, maar die spore by die vangplek het duidelik gewys dat dit drie volgroeide leeus was.

Baie toeriste besoek ook hierdie gebied omdat hulle die woestyn olifante wil sien. Namibië is een van net twee plekke ter wêreld waar daar woestyn olifante aangetref word. Die ander plek waar olifante oor die jare goed aangepas is vir oorlewing in die droë woestyn, is Mali. 'n Paar jaar gelede nog wou mense nie saam met die olifante in dieselfde gebied bly nie. Hulle wou nie hul water, spasie en ander hulpmiddels met hierdie woestyn reuse deel nie. Gelukkig het mense in die area oor die jare geleer om met hierdie wonderlike diere saam te leef. Mense het geleer dat hulle die olifante kan gebruik om inkomste vir hulself te verdien. Mense het ook besef dat dit belangrik is om die olifante teen stropers te beskerm en om hulle lief te kry.

Die toergidse wil baie graag hê dat die leeus uit die gebied verwyder moet word, sodat hulle weer met hul werk kan voortgaan. Hulle verloor nou broodnodige inkomste en moet nou aan ander kreatiewe maniere dink om toeriste se besoek aan die gebied die moeite werd te maak.

Kommunale boere in die omgewing moes hul takkrale verstewig om só hul kleinvee teen die leeus te beskerm. Daar is meestal boere wat op kleinskaal met bokke boer. Nie net is die bokke hul vernaamste bron van voedsel nie, maar vrees hulle ook vir hul lewens sou iemand deur die leeus gevang en verskeur word.

Natuurbewaarders het kragtige klappers gekry om die leeus na ander gebiede te probeer verjaag. As dit nie help nie, sal die leeus gevang moet word en na 'n ander deel van die Ugabvallei geneem moet word.

Pouse: 20 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse: 20 sekondes

O: Dit was die einde van Afdeling 1, Oefening 2. Lees nou Afdeling 2, Oefening 1: Vrae 11 – 15.

Pouse: 20 sekondes

## AFDELING 2

**Oefening 1: Vrae 11 – 15**

Luister na ’n tydskrifartikel en beantwoord vrae **11 - 15** deur die antwoord te skryf op die reëls wat daarvoor voorsien word. Jy sal die voorlesing **twee** keer hoor.

**Ek wil beroemd wees**

*Baie tieners droom daarvan om eendag beroemd en in die kalklig te wees. Die idee om jouself in die kalklig te sien, is ’n aanloklike een, veral as jy baie geld kan verdien, maar daar is ‘n paar dinge waaroor jy eers deeglik sal moet dink.

Dissipline, dissipline! Dit klink soos ’n reël wat jy net by die skool hoor, maar as dit by die vermaaklikheidsbedryf kom, is dit ongelukkig een reël wat jy móét nakom. Sonder dissipline gaan jy dit nie maak nie.

En dan dié een: As jy dit slegs vir die geld en roem doen, is jou dae voor die kameras vroeg reeds getel.

Vian Singleton was nege jaar oud toe die verhoog hom soos ’n magneet getrek het. Vandag het hy al in ’n heel paar produksies gespeel, byvoorbeeld Thomas in die Afrikaanse sepie 7de Laan. Hy was ook die jong Benjamin Komoetie in die teaterproduksie Fiela se Kind en Dap in die fliek *My Father’s War*.

Alhoewel hy besonders talentvol is, verg dit ook baie harde werk, moeite en ondersteuning van sy hele huisgesin. Toe hulle in 2017 besig was met die produksie van Fiela se Kind het hy altesaam 60 skooldae gemis. Hy moes agterna verlore skoolwerk inhaal en moes toetse en eksamens vroeër as sy klasmaats skryf. “Gelukkig is hy hardwerkend en was dit nie ’n probleem nie. Hy besef skool is sy eie verantwoordelikheid, sê sy ma.

Vanjaar is Vian die hoofseun van sy skool en hy speel rugby, want hy sê hy wil graag net eers weer ’n gewone skoolkind wees. Hy doen ook atletiek en is ’n entoesiastiese redenaar vir sy skool. Hy speel graag met sy maats in die straat. Die geld wat hy met sy toneelspel verdien, belê hy in die bank en hy hou daarvan om te sien hoe sy geld al meer raak. Hy het ’n lang lys van dinge wat hy graag wil koop, maar vir eers wil hy net spaar.

Daar’s baie dinge wat saam met die kalklig kom, soos kennis oor hoe om jou tyd te bestuur, selfontwikkeling en ook hoe om teleurstellings te hanteer.

Gelukkig word daar in baie gevalle goed na kinders se regte gekyk, veral as jy deur ’n agentskap werk. Die wet sê dat kinders slegs drie ure per dag mag werk. Hulle moet ook hulle eie aantrekkamers hê en voldoende rus- en speeltyd kry.

’n Kind wat graag die vermaaklikheidswêreld wil betree, het sekere vaardighede nodig: Dramaklasse, gimnastiek, redenaars en sport kan jou ’n voorsprong gee. As ’n tiener vir ’n onderhoud of oudisie kom, en sê hy of sy neem aan geen buitemuurse aktiwiteite deel nie, is die kanse dat hy vir ’n rol gekies sal word, maar skraal.

Baie tieners wat graag akteurs wil word, verloor gou moed as hulle na ’n paar keer se

oudisies nie aanvaar word nie.  Hulle moet egter aanhou en ’n goeie agentskap kry wat hulle kan help om vir oudisies te gaan wat by hulle pas. **

Pouse:  20 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse:  10 sekondes

O:  Dit was die einde van Afdeling 2, Oefening 1.  Lees nou Vrae 16 - 20.

Pouse:  20 sekondes

**Oefening 2:  Vrae 16 – 20**

Luister na ’n koerantartikel en beantwoord vrae **16 - 20** deur die antwoord te skryf op die reëls wat daarvoor voorsien word. Jy sal die voorlesing **twee** keer hoor.

Beroemde Mandela-brief

*In Oktober 1974 het oud-president Nelson Mandela ’n brief vanuit sy tronksel op Robbeneiland geskryf. Hierdie beroemde brief kan dalk eersdaags N$ 1,9 miljoen op ’n veiling in Londen haal. Teen daardie tyd het Mandela reeds tien jaar van sy lewenslange vonnis uitgedien. Na al hierdie tyd in die tronk het hy steeds sy sin vir humor, sy menslikheid en hoop vir die toekoms gehad.

Wat maak hierdie brief so besonders? Dié brief is aan Barbara Lamb geskryf. Haar pa het gesterf en Nelson Mandela het ’n brief van simpatie aan haar geskryf. Haar pa, Michael Harmel, was ’n baie goeie vriend van Mandela en hulle albei het hulle beywer vir menseregte.

Mandela het Harmel in die 1940’s op ’n politieke vergadering ontmoet. Hulle vriendskap het oor die jare al sterker geword. Harmel se vrou se naam was Ray. Sy was ’n goeie naaldwerkster. Mandela het later vir haar gevra om sy eerste vrou, Winnie se trourok te maak. In 1958 ná hul troue, het Nelson en Winnie ’n foto saam met Harmel se gesin in hul huis geneem. Op hierdie bekende foto verskyn die egpaar, Michael en Ray Harmel en hul twee dogters, die bruidspaar Nelson en Winnie en hul drie strooimeisies, almal glimlaggend en duidelik gelukkig. Ray wou geen betaling vir die pragtige wit trourok aanvaar nie.

Die brief getuig van die edel karakter van Nelson Mandela. Dit is vol warmte en persoonlikheid en toon ’n vasberadenheid om by die wyer wêreld betrokke te bly, al was hy fisiek daarvan verwyder. Dit toon ook Mandela se vurige lojaliteit aan sy vriende. Die brief het ’n pragtige slot. Dit is ’n bewys van die persoonlikheid van ’n nederige held en ook van sy filosofiese denke.

Só eindig die brief: “Daar word gesê dat geloof soos ’n eikeboom is: Dit groei stadig, maar wanneer dit volwassenheid bereik, dan staan dit vir eeue. My enigste geluk in die lewe is dat ek goeie vriende het by wie ek waardevolle dinge kan leer. Ek waardeer dit ten seerste. Jou geliefde pa was een van hulle.”

Die brief sal binnekort op ’n Londense veiling aangebied word. Die verwagting is dat dit maklik N$ 2 miljoen kan haal. **

Pouse: 20 sekondes

Herhaal van * tot **

Pouse: 20 sekondes

O: Dit was die einde van Afdeling 2, Oefening 2 en ook van hierdie vraestel.

Jy mag nie met enigiemand praat totdat alle vraestelle ingeneem is nie.

Baie dankie.